HET JY GEHOOR?

# Bouwerk aan bio-aanleg nog 'n stappie nader

**BOUWERK** aan die beoogde etanol-aanleg by Bothaville in die Vrystaat sal op die laatste op 1 Maart moet begin. Dit is sodat boere teen Oktober graansorghum kan plant om aan die nuwe aanleg te voorsien.

Mnr. Zahir Williams, een van twee uitvoerende hoofde van Mabele Fuels, sê hulle is gereed om bouwerk te begin sodra die nodige regulasies afgehandel is.

Dié mylpaal is nou nog 'n stappie nader nadat die konsep-reguleringsraamwerk wat die eerste fase van die land se biobrandstof-strategie uitspel, onlangs vir kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

Kommentaar kan tot 10 Februarie gelewer word.

Die afhandeling van die regulasies en die begin van bouwerk aan die Mabele-projek sal goeie nuus vir veral die plaasgemeenskappe wees wat regstreeks ekonomiese voordeel sal trek. 'n Ondersoek het getoon dat dié projek tot 18 000 landelike en landbou-werkgeleenthede in die Vrystaat kan skep.

Een van die hoof-aansporings in die konsep-raamwerk is dat alle hernieubare energie-projekte vir 'n versnelde depresiasietoelaag oor drie jaar in aanmerking kan kom.

Die prysmodelle wat daarin vir die bepaling van dié subsidie gebruik is, is op sorghum en sojabone as die verwysingsgewasse van keuse gegrond.

In die dokument word egter bygevoeg dat dit nie die vervaardigers van biobrandstof uit ander gewasse hoef te ontmoedig nie.

'n Voornemende vervaardiger kan steeds 'n beleggingsbesluit neem as hy meen dit is met die gegewe verwysingsprys ekonomies uitvoerbaar om 'n ander, goedgekeurde gewas te gebruik, mits hy aan die nodige ander kriteria voldoen om as 'n begunstigde in aanmerking te kom, lui die dokument.

Oor suikerriet is die aanbeveling dat 'n holistiese benadering gevolg moet word.

Geleenthede wat uit die produksie van suiker en die opwekking van krag en biobrandstofvervaardiging spruit, moet nagejaag word.


Verdere samesprekings tussen die Regering, die suikerbedryf en ander belanghebbendes sal nog moet volg.

Mnr. Pravin Gordhan, Minister van Finansies, het verlede jaar aangekondig dat 3,5 sent tot 4 sent van die brandstofheffing voortaan aan die biobrandstofbedryf afgestaan sal word.

Op 1 Oktober volgende jaar is die verpligte vermenging van biobrandstof in die nasionale mineralebrandstofvoorraad van krag.

Minstens 5% biodiesel en 2% tot 10% bio-etanol sal dan met die land se mineralebrandstofpoel vermeng moet word.

- JOYLENE VAN WYK




## IN 'N BLIK

**SKADU-GESEËN.** Al lafenis teen die fel oggendson by Morokweng in Noordwes is 'n klein bietjie skaduwee vir dié drie donkies. Dit is nog baie droog op talle plekke in die noorde van die land. FOTO: ALANI JANEKE